

KZN DEPARTMENT VAN OPVOEDING
GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
MAART TOETS-2017
BEGRIPS, TAAL EN OPSOMMING
AFRIK FAL

GRAAD: 11
PUNTE: 40
TYDSUUR: 1 UUR
DATUM: 22/03/2017
EKSAMINATRISE : S. SUKHNANAN
MODERATRISE: P. SINGH

NAAM VAN LEERDER :-----

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT ~~6~~ BLADSYE

Instruksies aan Leerders.

- 1) Beantwoord AL die vrae
- 2) Begin elke vraag op n nuwe bladsy
- 3) Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genummer is.
- 4) Skryf netjies en duidelik
- 5) Bestee omtrent 20 minute aan elke Afdeling.
- 6) Skryf die VOORLETTERS van jou onderwyser/es bo- op die bladsy.
SRP; PS; SRE; PR;ARA;SSU

AFDELING A- Leesbegrip

Vraag Een- Lees die onderstaande Teks noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

UIT DIE RUSBANK

Deur: **André-Pierre Du Plessis** (apduplessis@gmail.com)



[www.variety.com]

NOAH GAAN NOG LANK OP TV WEES**Is Trevor Noah dalk die volgende “goue seun” van New York?**

- 1 Trevor Noah se gesig het oor die hele New York op taxi's en stadsbusse verskyn. Tog was hy eintlik maar nog 'n vreemdeling vir miljoene New Yorkers.
- 2 Sy gesig het ook die eerste week van Oktober 2015 in elke Amerikaanse koerant en tydskrif verskyn. Langs sy gesig met die breë glimlag het die woorde *The new face of the same show* verskyn. Trevor moes Jon Stewart, die aanbieder van *The Daily Show* en goue seun van New York, se groot skoene vol staan.
- 3 Jon Stewart het die afgelope sestiende jaar die program *The Daily Show* aangebied. Toe Trevor Noah oorneem, het baie mense gewag dat hy 'n voet verkeerd moes sit. Hoekom? Hy was nie vroeër deel van die program nie en hy was 'n vreemdeling vir die Amerikaanse kykers.
- 4 Na net 'n week as aanbieder van die nuwe *The Daily Show with Trevor Noah*, was dit duidelik dat Trevor nog lank op die Amerikaanse televisie te sien sou wees. Dit is hoe goed hy as komediant en aanbieder was.
- 5 Mense het gehoop dat Trevor Noah die formaat van die nuwe program *The Daily Show with Trevor Noah* sou verander, maar hy het nie. Dit het baie mense teleurgestel.

[Verwerk uit *Bylae tot Die Burger*, 3 Oktober 2015]

VRAE

- 1.1) Waar het die mense in New York Trevor Noah se gesig gesien? (1)
- 1.2) Kies die korrekte antwoorde. Skryf net die nommer en die korrekte letter neer.
- 1.2.1) Waarna verwys die woorde “goue seun” in die retoriese vraag?
- A) Almal in New York gaan lief vir hom wees.
- B) Niemand sal van Trevor hou nie.
- C) Niemand sal na sy program kyk nie. (1)
- 1.3) Haal EEN WOORD uit Par. Een aan wat sê dat baie mense in New York nie van Trevor Noah weet nie. (1)
- 1.4.1) Wat is die naam van die TV program wat Trevor Noah gaan aanbied? (1)
- 1.4.2) Wie was die vorige aanbieder van hierdie program? (1)
- 1.5) Noem die TWEE rolle wat Trevor Noah op TV speel. (2)
- 1.6) Hoekom was baie mense ongelukkig met Trevor se aanbieding? (Par 5) (1)
- 1.7) Dink jy die skrywer hou van Trevor Noah? Sê Ja of Nee en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 1.8) In Par. 2 – die skrywer sê dat Trevor moet Jon Stewart “Se groot skoene volstaan”
- 1.8.1) Het die onderstreepte woorde 'n LETTERLIKE OF FIGUURLIKE betekenis. Motiver jou antwoord. (1)

(10)

AFDELING B – OPSOMMING
VRAAG 2

WAT KAN JY DOEN OM MEER SELFVERTROUW TE KRY?

- Som **SEWE** dinge op wat jy kan doen om meer selfvertrouwe te kry.
- Som die **stappe** in **SEWE** goeie sinne op.
- Skryf jou **SEWE SINNE** onder mekaar neer en nommer die sinne 1– 7.
- Jy moet een sin oor elke feit skryf.
- Laat 'n reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming mag nie meer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal gepeenaliseer word as jy meer as **70 woorde** skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

KRY MEER SELFVERTROUW...

1. Voor jy soggens opstaan, dink aan een positiewe ding wat jy al reggekry het. Dit kan selfs iets kleins wees soos dat jy 'n bejaarde persoon die straat help oorsteek het. Herleef daardie oomblik.
2. Dink twee keer per dag twee minute lank aan iemand met hope selfvertrouwe. Verbeel jou jy is daardie persoon en boots hul liggaamshouding na. Mense met selfvertrouwe hou gewoonlik hul koppe hoog en maak oogkontak. Staen en praat soos hulle en jy sal dieselfde wenhouding kry.
3. Verbeel jou hoe fantasties dit sal wees om tonne selfvertrouwe te hê, hoe maklik dit sal wees om nuwe mense te ontmoet en hoe jou sosiale lewe sal blom. Terwyl jy hieraan dink, druk jou duim en middelvinger op dieselfde hand teen mekaar. Herhaal dit vier keer.
4. Probeer die volgende: Staen voor die spieël, maak jou oë toe en onthou 'n kompliment wat iemand jou gegee het. Herhaal hul woorde vier keer in jou gedagtes tot jy goed voel en pak dan jou dag aan.
5. Dink aan 'n situasie wat jou in jou sokkies laat bewe; soos om jou mondeling voor die klas te doen. Dink dan aan vyf sleutelwoorde om te beskryf hoe jy graag op daardie oomblik sou wou voel, soos ontspanne, sterk, kalm. Laat hierdie gevoelens jou gedagtes vul.
6. Jy moet probeer om meer gemaklik in jou eie vel te wees. Ander mense se kritiek sal dan nie so baie vir jou beteken nie.
7. "Wanneer ek sleg voel, gebruik ek daai gevoel om my te motiveer om harder te werk. Ek gee my net een dag om myself te bejammer", sê Beyonce (sangeres).

AFDELING C – TAAL

VRAAG 3 – SINSTRUKTUUR EN WOORDSTRUKTUUR

Lees die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarop volg:



[Spotprent uit : Die Burger, 22 April 2011]

- 3.1) Skryf die volgende sin oor in die **VERLEDE TYD**.
Hy help Hector om nuwe klere te koop (2)
- 3.2) Skryf die volgende sin oor in die **TOEKOMENDE TYD**.
Sy is baie verbaas oor Hector se keuse. (2)
- 3.3) Skryf die volgende sin oor in die **INDIREKTE REDE**.
Hector se: "Dit voel soos 'n slegte droom." (2)
- 3.4) **VERBIND** die twee sinne met die **VOEGWOORD TUSSEN** hakies.
Hy help Hector om klere te kies. Hector se klere is outyds. (omdat) (1)
- 3.5) ~~Skryf~~ die volgende sin oor in die **ONTKENNEDE VORM**.
Hector kan iets alleens doen. (2)
- 3.6) Herskryf die volgende sin en gebruik "**behoort**".
Hector moet sy eie inkopies doen.
Begin so : Hector behoort..... (1)
- 3.7) Verander die volgende **STELSIN** na 'n **VRAAGSIN**.
Dit is 'n slegte droom. (1)

- 3.8) Skryf die volgende sin oor in die **LYDENDE VORM**.
Hector het elke dag kort broeke gedra. (2)
- 3.9) Herskryf die volgende sin en begin met die **ONDERSTREEPTE WOORDE**.
Daar is elke maand 'n groot uitverkoop in die winkelsentrum. (1)
- 3.10) Gee verkleinsvorm van die woord tussen hakies.
Die (kinders) is doodbly om hulle pa te sien. (1)
- 3.11) Gee die **ANTONIEM** van die woord tussen hakies.
Die pa doen 'n (maklike) werk. (1)
- 3.12) Kies die korrekte woord tussen hakies.
Die (wêreld/ wereld) is n beter plek met sorgsame vriende. (1)
- 3.13) Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies.
Ma is (alleen) by die huis. (1)
- 3.14) Vul in die **ONTBREKENDE VOORSETSEL**.
Ma is baie baie trots _____ haar gesin. (1)
- 3.15) Gee die **OORTREFFENDE TRAP** van die woord tussen hakies
Hector is nie die(gelukkig) seun in die klas nie. (1)

[20]

GROOTOTAAL 40

HOD - LANGUAGES
S.R. PANDAY

Memo - Jr 11 - Maart toets.

- 1.1 taxi's; stadsbusse (enige een) ✓ (1)
- 1.2. A ✓ (1)
- 1.3. vreemdeling ✓ (1)
- 1.4. The Daily Show ✓ (1)
- 1.5.2 Jon Stewart ✓ (1)
- 1.5. komediant ✓ aanbieder ✓ (2)
- 1.6. Hulle het gehoop hy sal die formaat verander. (1)
- 1.7. Ja - Gebruik woorde soos 'goue saam' - lank op TV wees - Par- 4 - "Dit is hoe goed hy is... (enige een) ✓ (1)
- 1.8. Figuurlike betekenis - "groot skoene" verwys na die groot werk wat Jon gedoen het ✓ (1)

(B) Opsomming

1. Jy moet aan positiewe dinge dink. ✓
2. Verbeel dat jy 'n selfvertroue persoon is ✓
3. Jy moet dink oor hoe goed dit sal wees om baie selfvertroue te hê. ✓
4. Herhaal 'n komplement wat iemand jou gegee het. ✓
5. Laat gevoelens van ontspanning, sterkte en kalmte jou gedagtes vul.
6. Jy moet gemakliker in jou vel wees
7. As jy sleg voel gebruik positiewe gevoelens om jou te motiveer.

Taal - Vraag 3

3.1 Hy het Hector gehelp ✓ om nuwe klere te koop. ✓ (2)

3.2 Sy sal ✓ baie verbaas oor Hector se keuse wees ✓ (2)

3.3 Hector sê dat dit ✓ soos 'n slegte droom voel ✓ (2)

3.4 Hy help Hector om klere te kies omdat Hector se klere outyds is ✓ (1)

3.5 Nee, Hector kan niks ✓alleens doen nie ✓ (2)

3.6 Hector behoort sy eie aankopies te doen ✓ (1)

3.7 Is dit 'n slegte droom? ✓ (1)

3.8 Kort broeke is daaglik deur Hector gedra. ✓ (2)

3.9 Elke maand is daar 'n groot uitverkoop in die winkelentrum ✓ (1)

3.10 Kindertjies / kindjies ✓

3.11 moeilike ✓

3.12 wêreld ✓

3.13 vingeralleen ✓

3.14 op ✓

3.15 gelukkigste ✓ (6)

(20)